More almal

Ter inligting net die volgende rakende CANSA RELAY FOR LIFE OLIFANTSRIVIER wat sal plaasvind op 12/13 MAART 2016.

Dit is n fondsinsamelingsgeleentheid vir kanker spesifiek in ons Weskus streek.
Die formaat behels dat spanne van 10-15 lede inskryf en die deurnag stap wat ook die kanker pasient simboliseer tydens die hele siklus van kanker.
Ons gaan poog om soveel spanne te laat inskryf hetsy verteenwoordigend van besighede,skole, organisasies en enigiemand wat sou belangstel.
Daar sal van n span verwag word om n gesondheidsboodskap uit te dra deur self baniere te maak en dieselfde t-hemde te dra –eie inisiatief.
Hierdie span kan stap vir n spesifieke persoon wat aan kanker gesterf het.
Luminaria sakkies sal ook deur die spanne of privaat persone aangekoop kan word @R10. Hierdie sakkies word dan om die baan geplaas met n kers wat die gestorwe kankerpasient eer. Die sakkies kan versier word en tydens die RELAY word die kerslig die simbool van die verering van almal met kanker.
Vir die SPANNE word daar n kompetisie gehou in 3 afdelings- SPANGEES,BESTE GESONDHEIDSTEMA, BESTE BANIER.

Tydens die RELAY word vermaak verskaf om die spanlede wakker te hou en spangees te bou!
Daar is ook kosstalletjies beskikbaar vir die deelnemers en publiek.
Publieke toegang sal toegelaat word tot 11h00 die aand.
Elke span kan ook buiten die spaninskrywing ekstra fondse genereer vir kanker deur enige ander geleentheid te reël.
Aangeheg is Spaninskrywingsvorms en Suvivorvorms wat u kan gebruik.

WAAR? VREDENDAL SPORTGRONDE
TYD: 12/3 @ 18h00 tot 06h00 @ 13/3

WIE IS BETROKKE? VREDENDAL,VANRHYNSDORP,KLAWER LUTZVILLE,GRAAFWATER,LAMBERTSBAAI,CLANWILLIAM
KOM RAAK BETROKKE !!!!!
Vir navrae- ADELE MAASS- 0836277759